

**Donderdag 24 Februarie**  
**Skrifgedeelte: Matteus 22:15-22**  
**Fokusgedeelte: Matteus 22:21**

**Gee aan God wat aan Hom behoort**

Dit is die Dinsdag, drie dae voor die kruisiging, die dag van vrae. Die Herodiane en Fariseërs vra of hulle belasting moet betaal of nie? Die vraag is nie so onskuldig nie. Die Fariseërs was konserwatief en het streng volgens die wet van Moses geleef. Die Herodiane het weer hulle siele aan Rome verkoop. Die groepe het anders oor die betaal van belasting gedink. Dit maak dus nie saak wat Jesus antwoord nie, Hy sal een van die twee partye se kant moet kies. As Hy “Ja” antwoord, dan gaan die Jode Hom haat, en as Hy “Nee” antwoord, gaan die Romeine Hom haat.

Dit is belangrik om te weet dat die Jode gewoon was om belasting te betaal, solank as wat dit vir God se eer aangewend was. Die probleem kom dus dat die belasting gehef word deur 'n sekulêre staat wat die belasting suiwer aanwend vir hulle eie belange, primêr militêre mag. Vir Israel was die betaal van daardie belasting die simbool van hulle onderwerping aan die Romeinse Ryk. Op die muntstuk was die gesig van Tiberius en die titel *Keiser Tiberius, seun van die goddelike Augustus*.

Let op Jesus se antwoord deur 'n vraag te vra. “*Waarom stel julle vir My 'n strik? ... Wie se kop en naam is hierop?*” Dit is die keiser se gesig. Jesus sê aan hulle: “*Gee aan die keiser wat aan die keiser behoort.*” Die woorde bevat 'n morele komponent om die regte ding te doen om terug te gee wat geskuld word.

“*Gee ... aan God wat aan Hom behoort.*” Hierdie, is by verre die groter verpligting. Julle moet ook aan God gee, 'n antwoord op 'n vraag wat nie gevra is nie. Jesus trek hiermee die verhouding tussen beeld van die keiser op die munt en die beeld van God op die mens. Daar waar die beeld afgedruk is, is daar 'n morele verpligting om terug te gee wat aan Hom behoort. Dit is jou lewe. Betaal belasting en weet ook dat Christus die beeldskap herstel sodat jy jou lewe as 'n lewende en heilige offer vir God moet gee.

*Sing: Psalm 116-1:9*

*Ds. CB Robinson (Brahm) (Cachet)*